Gs. 125: 1, 2.
Ps 130: 1, 2.
Gs. 100: 3, 6.
" 117: 11.

## Vergeef Ons Ons Skulde

N | Patch 9 Nov. 58

Ps. 103.

Js. 1:18 – Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Gisteraand het ons stilgestaan by die vraag van die mens se skuld (O.V.) Daarop gewys dat ten grondslag van al d. wêreld se probleme en ellende lê die sondeskuld v.d. mens. Drie vrae probeer antwoord:

– Wat is d. mens se skuld?
– Hoe groot is d. mens se skuld?
– Besef d. mens sy skuld?

Ge-eindig deur daarop te wys dat daar geen herlewing moontlik is voordat die mens nie weer sy skuld besef en bely nie. En dd. besef en belydenis moet begin by die Xten, die gelowige, die kerk.

Dan vra ons nou vanmôre 3 vrae:

– Wat maak ons met ons skulde?
– Wat maak Xtus met ons skulde?
– Wat maak ons met Xtus se aanbod??

I. Die Moontlike Uitweë. Hoe word ons van ons sondeskuld verlos? Hoe word ons skuldgevoelens weggeneem en ons gewetensaanklag gestil?

I.d. wêreld is daar 3 maniere waarop ons self die gebed van die Onse Vader kan beantwoord. Baie belangrik dat ons dit duidelik sien. Want om sonde te doen is al reeds gevaarlik genoeg. Maar nog belangriker as die feit v.d. sonde is die vraag: wat gebeur daarna? Wat maak ek met my sonde?

(1) Die weg van verdringing: Dis die weg waarlangs die mens sy sonde op een of ander manier wil wegsteek, wil begrawe – en dan nog 'n mooi, sierlike

grafsteen op die graf wil oprig teen 'n prys wat hy nie kan bekostig nie. Hoe?

a) Deur verdediging: Veel aan iets is verkeerd, maar ons selfrespek laat ons nie toe om te erken nie, dus tree ons op as advokaat vir onsself. En het 'n al opgemerk dat d. mens altyd die beste advokaat is vir sy eie saak? Ekskuses word bedink, verskonende redes gesoek, versagtende omstandighede bepleit — alles om een rede: die mens wil homself nie skuldig verklaar nie!

b) Deur verswyging: Die eerste ding wat sonde jou laat doen is: swyg. En om te swyg is om d. sonde te verdring, te begrawe in ons binneste: maar juis dd. toemaak van ons sondes is soos masels wat na binne uitslaan — dit bring die kind op d. rand v.d. dood; dis soos bomme met lang lonte wat ons onder ons huis begrawe: op 'n goeie dag gaan een na die ander ontplof. Verdronge kwaad maak die mens geestelik en ligg. siek; lei tot spanning, neurose

(2) Die weg van vergelding: Die uitweg uit deur ons ons skuld wil wegwerk deur self die rekening te probeer betaal. Dis die weg v. selfverdienste, van vry te raak v.d. skuld deur eie inspanning. Die huis wat stukkend geskiet is deur die ontploffing wil ons self opbou: deur die ons beste deur ons lang gebede, ons uitgerekte gewetenskwellinge, ons selfmarteling & verwyt — soos die Roomse met hulle aflaat. En hoe dieper d. skuld hoe pynliker word die boetedoening! (Bv. die doop as poging tot heiliging)

(3) Die weg van vergifnis: Die weg van berou en belydenis — die weg van aanvaarding van die verlossing wat Xtus bied deur vir ons te sê: moenie julle sonde goedpraat nie, moenie julle sonde wegsteek nie: bring julle sonde na d. voet v.d. Kruis. Glo wat ek julle sê: „Al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu" Moenie langer wag nie — moenie nag redeneer nie, Daar net een ding: vra God om vergewing. Lê jou hand in Sy Vaderhand en glo: „Die bloed v. J.K. reinig ons van alle sonde" H.K

II. Die Verlossing wat Xtus Bring: Dit bring ons dan by die tweede vr.: Wat maak Xtus met ons skulde? Watter waarborg het ons dat as ons alles aan Hom oorgee, ons sonde vergewe sal wees en ons skuld gedelg?

Ons H. Kateg. bring hd. gedagte baie treffend na vore as in die antwd van S 51 (Wat is die vyfde bede?) daar staan: „Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe". Dit is: „Wil ons, arme sondaars, al ons misdade, en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie terwille van die bloed van Christus"

Hier is dan ook die antwd op die vr.: Sal God vergewe? Hier is die oplossing van ons twyfel — hier is die antwd waar ons siel na smag: God het reeds klaar geantwoord: God het Hom d. sonde & nood v.d. mens so aangetrek dat Hy nie vir ons, mense, kan wag nie; Vandat ons Hom kan bid het die Vader ons ons skuld vergewe. So volkome het Hy gehelp en die kwaad so met wortel en tak aangepak dat Hy d. dierbaarste en beste wat Hy gehad het, geskenk het om vergifnis te verseker: Sy Seun. Daar aan die Kruis van Golgotha is vergewing vir die mens bewerk vir al

sy sonde, daar het God verseker dat Hy nie net ons uitdr. sondes, maar ook die sondigheid van ons hart wil vergewe! <u>So die brood + wyn tog die Tekens!</u>

→ het u dit al so gesien? Wanneer? Op gehandel? Gods vergiffenis aangeneem?